

## Kort nuus vir landbou

Voorgelê deur Republikein op Di, 2014-11-25 08:04

### Skape se 1:1-skema bly

Die Vleisraad het op sy raadsvergadering besluit dit is in die beste belang van die Namibiese skaapbedryf om die 1:1-uitvoerbeperkingskema van skape te handhaaf.

Die raad het deeglik besin oor die kapasiteitsbenutting, produsentepryse, skaapuitvoere, tydperk van uitvoerbeperkings, plaaslike waardetoevoeging en verdere groei in die skaapbedryf voor die besluit geformuleer is.

Mnr. Calle Schlettwein, minister van handel en nywerheid, se versoek om 'n waardetoevoegingstrategie vir die hele waardeketting van skaapvleisproduksie in die land op te stel waarna uitvoerbeperkings weer in herooringing geneem kan word, sal uitgevoer word. Vir verdere navrae kan mnr. Golitah Tujendapi van die Vleisraad by 061 275 836 gekontak word.

### Uitvoer van lewendehawe na Suid-Afrika

Weens die onlangse beperking van lewendehawe-uitvoer na Suid-Afrika deur dié land se veeartseny-owerheid, het die Vleisraad sy uitvoerpermitstelsel opgeskerp. Dit is krities belangrik vir die Namibiese vleisbedryf dat kommersiële lewendehawe slegs bestem word vir voerkrale en abattoirs in Suid-Afrika. Die Vleisraad is daarom besig om alle bestemmings te verifieer en toe te sien dat die bestemmings en vereistes van alle permitte nagekom word en dat uitvoerders hul samewerking gee.

Op sy raadsvergadering is besluit alle kommersiële lewendehawe uit Namibia slegs na bepaalde bestemmings in Suid-Afrika uitgevoer sal mag word. Die bestemmings is opgestel deur beide die Namibiese en Suid-Afrikaanse rolspelers, uitvoerders en invoerders. Hierdie bepaling sal op 1 Februarie 2015 van krag word. 'n Lys van die bestemmings is beskikbaar op die Vleisraad se webtuiste [www.nammic.com.na](http://www.nammic.com.na) en by mnr. Goliath Tujendapi (061 275 836) en me. Jakkie Weise (061 275 832).

### Beesoortplaatjie se pryse styg

Nóg 'n besluit deur die Vleisraad is om die verkoopsprys van beesoortplaatjies te verhoog. Hierdie stap is nodig weens die verswakte wisselkoers en die gevolglike kruissubsidiëring van die oorplaatjiepryse uit ander Vleisraadfondse.

Die prys van 'n oorplaatjie sal dus vanaf 1 Januarie 2015 soos volg wees: Standaardoorplaatjies kos N\$22.00 per stel en maksi-oorplaatjies N\$25.00 per stel.

Toekomstige verhogings sal jaarliks op grond van die inflasiekoers geskied. Kontak vir dr. Anja Boshoff (061 275 841) vir enige navrae.